# Pret-en-Pizza jeugaksie 4 Oktober

Jongmense van die gemeente en hulle ouers word almal uitgenooi na 'n speletjiesoggend vir die hele gesin op **Saterdag 4 Oktober vanaf 09:00** op die kerkterrein. Ons gaan nie net baie lekker speel nie, maar ook ons eie pizzas bou! Jy is ook welkom om vriende saam te nooi. Vra vir Mamma of Pappa om voor Vrydag 26 September vir tannie Marli (079 166 9720) of tannie Yolandé (084 597 8903) te laat weet as julle dit gaan bywoon.

Ons gaan die volgende speletjies speel:
***"Eat as much as you can"*** in 1min, met Marie Koekies, ***Puzzle bou, Darts, Bok in die hok met waterballonne***, ***Skattejag, Blaas ballonne* in die saal met 'n strooitjie van een lyn tot by die volgende een**, totdat die hele span deur is, **Vingerbord, Eier gooi, Eier hardloop**
Die kinders gaan in spanne verdeel word, daar is 'n verrassing vir die span wat wen!

## FONDSINSAMELING RIBBURGERS

Ons beplan om vir **Woensdag 1 Oktober**
'n klompie ribburgers te maak
@ R 40 per burger.
U is welkom om u bestellings voor of op

Spare Rib Burgers

***Maandag 29 September***
deur te gee aan
Yolandé 084 597 8903
of aan
Jannes 072 224 7181
of Malie 072 373 7361
of 018 294 4600 by die kerkkantoor

Ondersteun asseblief die projek deur waar u woon en werk en leef bestellings te neem – dit word baie waardeer.



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 33 Sondag 28 September 2025
***Redakteur:* Rudy van der Spoel** 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 — **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** — **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** — **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste, kategese en Huis Eikelaan:**
**Ouderling:** Wyk3 **Nelis Coetsee** en Wyk 4 **Flip Mostert**
**Diaken:** Wyk 3 en Wyk 4 **Rudy van der Spoel**
**Skinkbeurt:** Wyksusters 6 en 7, **Marlise Stoop en Anita Stavast**

**EREDIENSTE** Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30 en aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

---

**OGGEND Woordbediening:** 1 Samuel 22:1-5; 23:1-13.
**Fokusvers:** 1 Samuel 23:6.
**TEMA:** ***Die HERE gee leiding in onsekerheid en vrees aan dié wat Hom daarom smeek.***
**Sing:** Psalm 77: 1; Psalm 105: 1, 3; Psalm 25: 3; Psalm 34: 2; Psalm 27: 1, 4.
**Sing met meelewing:** Psalm 115: 7, 8.

---

**AAND om 18:00: Woordbediening:** Romeine 7.
**Fokusvers:** Romeine 7:21-24.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, paragraaf 1.
**TEMA:** ***Volhard, want jy is van die heerskappy en slawerny van die sonde verlos!***
**Sing:** Psalm 28: 6, 7 (melodie Psalm 45); Psalm 75: 1, 4; Psalm 103: 6; Skrifberyming 5-4:1, 2 (10); Skrifberyming 19-1:1(47) (na die wegstuurseën).

---

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir die *Emeritaats-versorging*. Volgende week – *Emeritaatsversorging*
**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI).

**EREDIENS: HUIS EIKELAAN**
**Ds. Jaco Lemmer** van GK Cachet sal DV vanmiddag om 15:30 in die erediens in die Kapel van Huis Eikelaan voorgaan. Die toesigbeurt sal waargeneem word deur **ouderling Nelis Coetsee en ouderling Flip Mostert.**

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**
Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.
Ons maak weer met leedwese bekend dat **Suzette van Blerk** Dinsdagoggend in die Here ontslaap het. Ons bid **Gert**, sy kinders en kleinkinders (sy dogter Marlise en skoonseun Danie Stoop en hulle seuns, Coetzer, Geert en DJ is ook lidmate van ons gemeente), asook die dierbares van Suzette die ryke vertroosting van ons hemelse Vader toe. Die begrafnis het Vrydag plaasgevind.

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:
Ons volhard in ons voorbidding vir **Tillie Eloff** en **Loffie**. Tillie is verlede naweek met 'n hoë infeksie-telling in Medikliniek opgeneem. Die verwagting van die internis was dat Tillie moontlik hierdie naweek ontslaan sou word. Ons bid om volkome genesing en beterskap.

**Prof. Callie Coetzee** het Dinsdag (30/09) 'n opvolg-afspraak met die kardiotoraktiese chirurg om die uitslae van die onlangse skandering en verdere toetse wat hy ondergaan het, te bespreek. Ons verseker hom en Susan van ons voorbidding vir hulle. Mag u met nuwe krag versterk word en goeie gesondheid uit die hand van ons Here ontvang.

**Ria Buys** is Woensdag uit Mediclinic ontslaan nadat sy 'n prosedure ondergaan het. Ons dra haar steeds aan die liefde en genade van ons hemelse Vader op vir die pad wat voorlê. Mag sy genade elke dag genoeg wees.



**DANKBAARHEID**
Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

**DAGBOEK**

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Di | 30/09 | 08:30 | Predikantebyeenkoms | |
| | | 10:30 | Teologiese studente | Bovertrek |
| | | 15:00 | Bybelstudie: Huis Eikelaan | Rooi sikamer |
| Wo | 01/10 | 09:30 | **RIBBURGERS** | Saal |
| | | 18:00 | Bybelstudie, 2 Korintiërs, studie 2 | Konsistorie |
| Do | 02/10 | 10:30 | Bybelstudie *Troos na Trauma* | Kerksaal |

**KATKISASIE**
Ons katkisasiewerksaamhede hervat na die Lentereses met Les 20 vir beide hoër- en laerskoolgroepe. Ons bid ons jongmense die seën van die Here op die toetsreekse toe. Mag julle ook 'n welverdiende ruskansie saam met julle geliefdes tydens die lentereses geniet!

---

**BYBELSTUDIE**
- Bybelstudie Dinsdag om 15:00 by Huis Eikelaan in die rooi sitkamer. Almal is welkom.
- Bybelstudie Woensdag 1 Oktober. 2 Korintiërs, studie 2
- Donderdagoggend 2 Oktober om 10:30 in die kerksaal: *Troos na Trauma,* 2 Korintiërs 1:1-10.

---

**Roeping tot die besondere dienste**
Op die vergadering van Sondag 7 September het die ouderlinge en die diakens besluit om die volgende broers ter approbasie aan die gemeente voor te hou vir dienswerk in die besondere dienste:
**As ouderling** (fokus senior lidmate woonagtig in die dorp): **Gerrit Badenhorst**.
**As diakens: Riaan Schutte** en **Ruan van Heerden**.

**BEPLANNING 2026**

Die Beplanningskommissie van die kerkraad vergader op 30 Oktober. Al lyk dit nog ver in die toekoms, moet *al* die datums vir 2026 (alle kommissies en ook al die susters-aktiwiteite) teen daardie stadium gereed wees vir die 2026 kalender. U word gevra om asb. in die volgende twee maande aan u beplanning vir 2026 dringend aandag te gee, en dit betyds na die kerkkantoor deur te gee.

**VERLOF: PROF. CALLIE COETZEE**

Prof. Callie en Susan Coetzee vertrek DV op 1 Oktober met verlof. Hulle beplan om 'n bietjie by die kinders in die Kaap te gaan kuier. Ons bid u 'n voorspoedige reis toe, en dat u met nuwe krag versterk mag word. Prof. Callie beplan om DV op 17 Oktober weer terug in die tuig te wees.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring. .

---

**Die GKSA se Almanak kan by Malie teen R 135 tot en met 19 Oktober bestel word.**

## VERJAARDAE/HERDENKINGS GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam en van |
|---|---|---|
| Ma | 29/09 | **Japie van Jaarsveld,** Wyk 5 |
| Di | 30/09 | **Erick Reynecke,** Wyk 4 |
| Vr | 30/10 | **Dala Jooste (9).** Wyk 8 |

**Sing met meelewing:** Psalm 115: 7, 8.

**Huweliksherdenkings**

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Donderdag 2 Oktober is **Danie en Ronel Erasmus** 54 jaar getroud. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle god-saligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe.!



## VAN DIE SUSTERS

# SOMERFEES

**Die Susters se verkoping van Saterdag 1 NOVEMBER 2025**

Dit is met groot opgewondenheid dat ons weer begin om ons susters se jaarlikse Somerfees te beplan. Dit vind plaas DV Saterdag, die 1ste November.

Ons vra asb dat elke suster 'n bydrae sal maak, of dit met tyd is, om 'n tafel te beman, pannekoek te bak, bestanddele te skenk of om te help om enige iets te maak vir die tafels. Indien daar enige items in u huis rondlê, wat nog bruikbaar is en net in die pad lê of onnodige spasie gebruik, kan dit by die kerkkantoor afgegee word vir die wit olifanttafel.

Die wyksusters sal u almal kontak in verband met skenkings en om te hoor waar u bereid is om uit te help met u mooi gawes. Die wyksusters wat nog nie hul lyste kom haal het nie, kan dit in die kerksaal kom afhaal.

Ons gaan die volgende tafels aanbied:

**Gebak en Naaldwerk** (Elsa Reinecke –),
**Pannekoek** (Marlise Stoop –),
**Kinderpret** (Yolandè van Dyk –),
**Kerrie en Rys** (Ineke Bakker –),
**Poedings** (Anri van Heerden –),
**Wit Olifanttafel** (Flip Mostert –),
**Worsbroodjies/Wors en pap** (Dina Coetsee –).

Daar is ook geleentheid vir uitstallers om 'n tafel te "huur" by die Somerfees, vir meer inligting kontak Alta Pretorius by of Marli Nortje by.

Ons hoop om almal daar te sien, ons wil graag ook van hierdie wonderlike geleentheid gebruik maak om saam as gemeente te kuier en werk!



# PANNEKOEK

**R 7 per pannekoek**
**Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
**Vrydag 10 & Saterdag11 Oktober**
**Vanaf 9 uur by Pick n Pay Van der Hoffpark**